



Jeugfokus

30 Julie 2017

Liewe ouers

Baie welkom by die derde kwartaal by KIX, en 'n groot dankie aan elke vrywilliger en helper wat by die Jeugbediening betrokke is. (Ons het steeds vrywilligers nodig vir verskeie projekte, nie net klasse nie; praat asb. met Ilze in hierdie verband.)

Neem kennis:

17 en 18 Aug is Koorfees
25 en 26 Aug Daniël konferensie vir Pa en seun
10 Sept Lente loffees
17 Sept Oupa en Ouma Sondag
29 Okt Kersspel

Ons wil graag 'n paar sake onder jou aandag bring:

Die datums in die twee blokke is solank ter info. Dagboek dit asb.

24 September – NIE KIX – Erfenisdag langnaweek
29 September – Skole sluit
1 Oktober – Vakansie
8 Oktober – Vakansie

Sondae:

Julie – 30

Augustus – 6, 13, 20 en 27

September – 3, 10 en 17

Oktober – 15 en 29

Spesiale Projekte

Die Kategete (Groepleiers) voel dat ons kinders meer betrokke moet wees by In/Uitreike. Ons sal dus aktiwiteite reël waarby jy as ouer saam met jou kind by 'n in/uitreik betrokke kan wees. Meer inligting volg binnekort.

Oupa en Ouma Sondag

Ons wil graag betyds die datum onder jou as ouer se aandag bring. Ons wil baie graag 'n spesiale geleentheid maak van hierdie erediens. Elke kind sal 'n kaartjie kry waarop hy/sy hul naam kan invul en betyds vir Oupa/Ouma gee. Kinders wat nie meer 'n Oupa/Ouma het nie, is welkom om 'n oom/tannie te nooi vir hierdie geleentheid.

Basaar 9 Augustus 2017

Ons wil graag die ouers vra om betrokke te wees by ons basaar. KIX is verantwoordelik vir die snoepie asook die springkastele. As jy dalk 'n uur kan afstaan om iewers te help, kontak sommer vandag nog vir Ilze/Muggie asb? Kinders is welkom om te help, veral by die snoepie. Hul geniet die verantwoordelikheid en kry die geleentheid om saam met jou as ouer, betrokke te wees.

Kersspel

Ons het altyd ouers se hulp nodig met die kersspel. As jy op enige manier kan help, met kostuums, grimering, of agtergrond verf, laat weet asb vir Ilze so gou as moontlik. Daar is slegs 2 Sondae in die vierde kwartaal voordat ons afsluit.

Geskenkpapier-projek: Ons wil AL die kinders nooi om 'n prentjie of dalk meer as een van hul familie te teken. Hul moet asb. op gewone wit A4 papier teken en hul naam en graad byskryf op die voorkant van die prentjie. Ons beplan om hiermee geskenkpapier te maak, en hulle kan dit by hul groepleiers ingee.

Skryfbehoeftes projek: Hierdie is 'n deurlopende projek waarby enige kind betrokke kan wees. Hul bring net hul ou penneblikkies/sakkies en skryfgoed na Ilze se kantoor. Ons maak dit skoon, herverpak dit en gee dit vir kinders wat dit nodig het.

Groete vir elkeen en vrede vir jou en jou gesin

Muggie